

AFDELING B.

INDIËR-ONDERWYS IN INDIË TOT 1936.

HOOFSTUK IV.VAN DIE INTELLIGENSIA NA DIE MASSAS.

(Indië tot 1911.)

1. Inleiding.

Uit die vorige hoofstukke blyk dit dat die eerste Indiërs in 1860 in Suid-Afrika aangekom het. Behalwe vir die onderbreking tussen 1866 en 1874, het hulle voortdurend ingekom tot 1911, toe Indiër-immigrasie stopgesit is. Tenspyte van vrywillige repatriasie en kolonisasie het nog heelwat Indiërs na 1911 hulle weg na Suid-Afrika gevind. Hulle is eers in 1913 as ongewenste immigrante verklaar. Die meerderheid wat hierna ingekom het, was wel vrouens en minderjarige kinders, maar onder hulle was ook mans wat in Suid-Afrika toegelaat is as onderwysers en predikante. Die oorgrote meerderheid van die Indiërs het gekom van Madras, Bombaai en Calcutta in die provinsie Bengale.

Omdat elke individu 'n draer is van die onderwys en opvoeding en die Indiërs dus ook die onderwys en opvoeding wat hulle in Indië ontvang het, oorgedra het na Suid-Afrika, is dit nodig om in hierdie afdeling die onderwys in Indië en veral in die streke Madras, Bombaai en Calcutta na te gaan. Hierdie kennis behoort van waarde te wees by die be-oordeling van Indiër-onderwys in Natal en Transvaal in sy wording en teenswoordige toestand.

Volgens die getuie van bejaarde persone was nie al die kontrakarbeiders ongeletterd nie. 'n Aantal het 'n leeskenis van Engels gehad en heelwat van hulle was in staat om 'n Indiërtaal te lees. Selfs onder die wat geen

laterere onderwys gehad het nie, was die kennis van ou geskiedenis en Hindoe mitologie verbasend gevorderd. (1)

Onderwys in Indië word in twee ~~ky~~ dperke verdeel:

- (a) Die periode tot 1911: Al die Indiërs wat voor 1911 na Suid-Afrika gekom het, het in hierdie periode opgegroeï.
- (b) Die periode 1912-1936: Baie van die Indiërs wat in hierdie periode toegang tot Suid-Afrika verkry het, het tenminste 'n deel van hulle onderwys in Indië ontvang. Daar is ook nog ouers wat hulle kinders na skole in Indië stuur.

2. Aandag aan die Onderwys van Engels en die Opvoeding van die leidende klasse (Voor 1860.).....

- (a) Die begin van Staatsbemoeïing met die Onderwys:

Gedurende die regering van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie (1600-1858), was dit sendelinge wat in Indië die voortou geneem het op onderwysgebied. (2) Twee aspekte van die onderwys is deur die sendelinge uitgewerk:

- (i) Die gebruik van die inboorlingtale by die onderwys van die massas.

- (ii) Die plek van Engels in hoër-onderwys. (3)

In 1813 het die owerheid vir die eerste keer daartoe oorgegaan om by te dra vir die onderwys van Indiërs. In daardie jaar het die „East India Company Act" bepaal dat „a sum of not less than one lac of rupees in each year shall be set apart and applied to the revival and improvement of literature, and to the encouragement of the learned natives of India, and for the introduction and promotion of a knowledge of the sciences in the British territories of India." (4)

(1) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 8.
 (2) Sen: History of Elementary Education in India; 40, 47.
 (3) Report: Calcutta University Commission. Volume 1; 33-34.
 (4) Sen; History of Elementary Education in India; 58.

Hulp is dan ook later verleen. So het die „Calcutta School Society" (gestig in 1819) vanaf 1823 'n toelae van 500 ropys per maand van dieregering ontvang.⁽¹⁾

Die owerhede was egter begerig om te weet wat die toestand van die onderwys was. In 1823 is 'n „General Committee of Public Instruction" aangestel om die toestand van die onderwys te ondersoek, en om van tyd tot tyd noodsaaklike maatreëls aan te beveel „with a view to the better instruction of the people, to the introduction among them of useful knowledge and to the improvement of their moral character."⁽²⁾

Heelwat informasie is dan ook ingewin tussen 1823 en 1825. „These surveys revealed a lamentable decay in learning, the number of its votaries and its quality." Dit is die opsomming wat die owerheid van die toestand gegee het.⁽³⁾

(b) Die stryd om die oppermag van Engels.

Daar het in Indië 'n stryd ontstand tussen die voor- en teenstanders van Engels. Die stryd het so hewig geword dat die eise van die twee partye in Januarie 1835 voorgelê is vir die beslissing van die Goewerneur-Generaal en Rade. By hierdie geleentheid het T.B. Macauley sy beroemd-geworde rede oor hierdie onderwerp gehou en dit het die saak finaal ten gunste van Engels beslis.

Op 7 Maart 1835 het dan ook die Goewerneur-Generaal en Rade se besluit gevolg waarin hulle die sienswyse toegedaan was dat die Britse regering, Engelse letterkunde en wetenskap onder die inboorlinge behoort te bevorder, en dat alle fondse wat bestem was vir die onderwys, gevolglik die beste gebruik sou word as dit vir Engelse

(1) Sharp: Selections from Educational Records Part 1, 1781-1839; 45.

(2) Sen: History of Elementary Education in India; 46.

(3) Sharp: Selections from Educational Records, Part 1 1781-1839; 46.

109. (1)
onderwys alleen gebruik word.

Met hierdie besluit het die regering dus definitief alle steun aan suiwer inboorling-onderwys onttrek, en dit moeilik om te verstaan hoe die „Calcutta University Commission“, kon beweer dat met hierdie besluit die regering nie begerig was om Oosterse-onderwys te ontmoedig nie. (2)

'n Nuwe spoorslag vir die studie van Engels word verwat in 'n besluit van 1844, waarin neergelê is dat by die keuse van kandidate vir die staatsdiens, voorkeur gegee sou word aan diegenes wat onderwys ontvang het in inrigtings opgerig en erken deur die „Council of Education.“ (3)

Die groei van hierdie soort skole en die agteruitgang van die moedertaalskole, toon egter aan dat die inboorlinge hierdie belê nie vyandiggesind was nie. (4)

(c) Die Filtrasie-teorie, soëvier.

Gedurende die 19e Eeu was die owerheid die sienswyse toegedaan dat kennis van self van die hoër lae van die gemeenskap sal deursypel of filtreer na die laer-klasse. Hierdie Filtrasieteorie is al in 1838 sterk veroordeel deur W. Adam. (5)

W. Adam was aangestel om die toestand van die onderwys in Bengale te ondersoek. Hy het gevind dat 93% van die kinders geen onderwys, van watter aard ookal, ontvang nie. Sy hoof beswaar teen die Filtrasie-teorie was dat dit hele stelsels van Hindoe- en Mohammedaanse onderwysinrigtings oor die hoof gesien het. Hierdie stelsels het lank voor die Britse bewind reeds bestaan

(1) Sen: History of Elementary Education in India; 72.

(2) Report: Calcutta University Commission, Volume 1; 36.

(3) Sen: History of Elementary Education in India; 83.

(4) Report: Calcutta University Commission, Volume 1; 37-38.

(5) Sen: History of Elementary Education in India; 75.

110.
and which continue to exist under our rule, independent of us and of our projects, forming and moulding the native character in successive generations." (1)

Dat hierdie sienswyse nie alleen tot Bengale beperk was nie word bewys deur wat in 1839 van Madras gesê is. Toe is beweer dat die poging om die massas te onderrig misluk het en dat die aandag gevolglik op die onderwys van die hoër- en middelklasse gekonsentreer moes word, omdat hulle groot invloed het en omdat staatsamptenare uit hulle geledere getrek word. (2) Hierdie kritiek het gekom van die regering van Indië, omdat Madras in 1836 nog net hulp verleen het aan moedertaal skole wat onderrig van 'n baie elementêre aard verskaf het. "Die regering het toe aanbeveel the discontinuance of the system of frittering away the sums allowed for educational purposes upon more elementary schools and upon eleemosynary scholars." As gevolg hiervan is die "Commission of Native Education" vervang deur 'n "University Board." Laasgenoemde het dan ook die oprigting van Middelbare skole aanbeveel, (3) maar is self weer in 1847 vervang deur 'n "Board of General Education." (4)

(d) Die "Despatch 2 van 1854 lê 'n beleid neer.

In 1854 het die owerhede in Engeland vir die eerste keer 'n definitiewe beleid neergelê. Hierdie beleid is vervat in 'n "Despatch" wat die grondslag vir alle latere onderwys in Indië gevorm het. Hierdie "Despatch" kan met reg genoem word die Magna Charta van die onderwys in Indië. (5) Dit het bepaal dat spesiale aandag gewy moes word aan die verbetering en uitbreiding van Engelse-

(1) Sen: History of Elementary Education in India; 78.

(2) Sharp: Selections from Educational Records, Part 1 1781-1839; 52.

(3) Sen; History of Elementary Education in India; 102-104.

(4) t.a.p. 104.

(5) Sharp: Progress of Education in India 1907-1912; 6.

en inheemse onderwys en verskillende middels is voorgeskryf vir die bereiking van hierdie doel. Engels kon onderrig word wanneer daar 'n aanvraag daarvoor was, maar dit mag nie die huistaal vervang nie. 'n Stelsel van hulptoelaes en beurse is ook in die vooruitsig gestel.⁽¹⁾

Wat veral van belang is, is dat in hierdie „Despatch” vir die eerste keer duidelik bepaal is dat maatreëls getref moes word om die massas op te voed. Paragraaf 41 het die aandag gevestig op die noodsaaklikheid om nuttige en praktiese kennis tot die beskikking van die massas te stel; en sluit dan met die volgende woorde: „We are desirous to see the active measures of Government more especially directed, for the future, to this object, for the attainment of which we are ready to sanction a considerable increase expenditure.”⁽²⁾

(e) Die „Despatch” van 1859 bekragtig die van 1854.

Na die muttery onder die Indiese soldate in 1858 is die Engelse Oos-Indiese Kompanjie ontbind en het die Kroon self die administrasie oorgeneem. Hierna is die „Despatch” van 1859 uitgevaardig wat feitlik net 'n bekragtiging van die een van 1854 was.⁽³⁾ Die hulptoelae-stelsel is egter as ondoeltreffend beskou en daar is aanbeveel dat 'n spesiale belasting op grond geheg moes word om die koste te dek van skole vir die plattelandse bevolking.⁽⁴⁾ Verder is beweer dat 'n algemene onderwysstelsel nie kon uitgewerk word vir die hele Indië nie, maar dat die volste gebruik gemaak moes word van die bestaande stelsels.⁽⁵⁾

-
- (1) Sen: History of Elementary Education in India; 86-88,
 (2) t.a.p. 91.
 (3) t.a.p. 86.
 (4) t.a.p. 89-90.
 (5) t.a.p., 88-89.

(f) Die toestand in Bombaai en Madras voor 1860.

Ondersoeke wat in hierdie provinsies ingestel is, het 'n onbenydenswaardige toestand op onderwysgebied ge-openbaar. Net 13% van die ~~seuns~~ tussen 5 en 10 jaar was in 1842 in Bombaai op skool. ⁽¹⁾ In 1826 het in Madras net een uit elke 67 kinders onderwys ~~onv~~^tang. As oorsake van die agterlike toestand van die onderwys is genoem die skaarste ~~aan~~ en onkunde van die onderwysers, gebrek aan fondse, 'n skaarste aan boek~~en~~ en die armoede van die ouers. ⁽²⁾ In die moedertaalskole is onderrig gegee in die volgende vakke: Lees, skryf, rekene, meetkunde, geskiedenis en aardrykskunde. ⁽³⁾

Pogings is hier en daar aangewend om op onderwysgebied iets te doen. So is in Bombaai in 1845 'n stelsel van inspeksie ingevoer en 'n aantal skole in die veragterde dele opgerig. ⁽⁴⁾ In Madras is gepoog om die simpatie en samewerking van die ~~ouers~~ te verkry deur hulle toe te laat om die onderwysers te kies. Hierdie beleid het egter noodlottig geblyk omdat daar 'n aantal onbekwame persone aangestel is. ⁽⁵⁾

Behalwe die werk wat die „Native Education Society” in Bombaai verrig het, is daar omtrent niks van staatsweë gedoen nie. Die werk wat daar wel in hierdie provinsies voor 1860 op onderwysgebied gedoen is, is feitlik uitsluitlik deur sendelinge gedoen. Hierdie werk is ook in die meeste gevalle sonder staatshulp gedoen wat in Madras is die sendelingskole eers in 1854 by die stelsel van publieke-onderrig ingesluit. ⁽⁶⁾

(1) Sen: History of Elementary Education in India; 111-112.

(2) t.a.p.; 95-96.

(3) Richey: Selections from Educational Records, Part II; 1840-1859; 146, 149.

(4) t.a.p.; 161.

(5) Sen; History of Elementary Education in India; 99.

(6) t.a.p.; 108-109.

Vgl. ook Richey: Selections from Educational Records, Part II, 1840-1859; 177-178.

3. Stadige vordering in die verskillende provinsies. (1860 - 1881)

(a) Bombai:

In Bombai het wet No. 11 van 1862 aan munisipaliteite die mag verleen om fondse aan te wend vir die skole in hulle area. In 1863 het die regering 'n „one-Anna” grondbelasting goedgekeur. Hierdie belasting was egter eensydig, want die nie-landbouende deel van die bevolking het nie bygedra nie. Ook is 'n voorlopige kode vir die toekenning van hulptoelaes uitgevaardig. Hierdie toelaes is gebasseer op resultate. Toelaes is ook betaal op die gemiddelde skoolbesoek. Alhoewel die reëls in verband met die toelaes nie geskik was vir laerskole nie, was hulle tog van krag tot 1870. (1)

Op 14 Desember 1870 is die desentralisasie-bevel uitgevaardig. As gevolg hiervan was die regering van Bombai genoodsaak om sonder enige steun van die regering van Indië die verantwoordelikheid vir laeronderwys op hom te neem. Daar is toe besluit om die inkomste van die belasting alles vir laeronderwys te gebruik. (2)

In 1881 was daar in hierdie provinsie net 12% van die seuns en dogters op skool. Daar was egter tog 'n mate van vordering op die gebied van die onderwys van seuns. (3)

(b) Madras.

In Madras het in 1865 hersiene reëls in verband met die toekenning van hulptoelaes in werking getree. Vanaf 1868 is toelaes op resultate gebaseer. Laasgenoemde reëls is in 1877 hersien en toe is die standaard in sommige opsigte verhoog en die toekenning met een-derde verminder. Omdat hierdie nuwe reëls nadelige gevolge gehad het is die ou reëls weer in 1883 ingevoer. (4)

(1) Sen: History of Elementary Education in India; 139-141.

(2) t.a.p.; 141.

(3) t.a.p. 143.

(4) t.a.p.; 135, 137.

Die „Town Improvement" wet van Madras (No. 3 van 1871) het aan munisipaliteite die reg gegee om fondse aan onderwys te bestee, en die „Madras Local Funds" wet (No. 4 van 1871) het aan alle plaaslike owerhede 'n soortgelyke mag verleen.⁽¹⁾

(c) Bengale.

Hierdie provinsie het stadiger gevorder as die ander provinsies. In 1875 het hulle hier 'n „Circle school" stelsel ingevoer, waarvolgens 'n hoofonderwyser toesig moes hou oor die werk van 'n klein aantal naby ^{mekaar} geleë skole.⁽²⁾ Hierdie stelsel was vir 'n geruime tyd taamlik suksesvol.

In 1876-1877 is die eerste eksamens hier afgeneem om die resultate vir toelates te bepaal. Dogters het dubbele vergoeding ontvang vir die eerste drie vakke. As gevolg van hierdie beleid het inboorlingskole gretiglik by die departementele stelsel aangesluit. Hierdie uitbreiding was so vinnig dat die regering nie meer sy finansiële verpligtings kon nakom nie. Die direkte gevolg was die geweldige vermindering in die salaris van onderwysers.⁽³⁾

In 1877 is die Bengaalse „Handbook" - komitee aangestel. Die boeke wat hulle uitgegee het was egter nie geskik vir laerskole nie, aangesien dit vertalings van Engelse boeke was.⁽⁴⁾

4. Die kommissie van 1882 beklemtoon die onderwys van die massas

Afgetrede sendelinge in London het die „General Council on Education in India," gestig. As gevolg van vertoë van hierdie „Council" is die Hunter-kommissie aangestel. Die kommissie moes die hele onderwysveld

(1) Sen: History of Elementary Education in India; 133-134.

(2) t.a.p.; 128-129.

(3) t.a.p.; 131, 151.

(4) t.a.p.; 130.

onderzoek. (1)

Hierdie kommissie het 'n inboorlingskool omskryf as 'n skoolopgerig en bestuur deur inboorlinge van Indië, volgens inboorlingmetodes. Vir die verbetering van hierdie skole het hulle tien aanbevelings gedoen. (2)

Laeronderwys moes volgens hulle beskou word as die onderrig van die massas deur die moedertaal in vakke wat hulle die beste sou voorberei vir hulle posisie in die lewe. Dit moes nie noodsaaklikkerwys beskou word as 'n deel van die onderrig wat oplei na die universiteite nie. In verband met hierdie soort onderwys het hulle 36 aanbevelings gedoen. (3)

Sommige aanbevelings het minder gunstige gevolge gehad, soos byvoorbeeld die oordra van die grootste verantwoordelikheid vir die onderwys, veral middelbare onderwys, op lokale liggame. Hierdie beleid het die toesig verswak, die aantal leerlinge laat verminder, maar ook die gehalte van die onderwys laat verswak. Nou verbonde hieraan, maar met soorgelyke gevolge, was die vergunning dat ondersteunde skole minder skoolgelde kon vra as staatskole. Toelaes volgens resultate is ook deur hierdie kommissie bekragtig. Van hierdie stelsel het Indië eers in 1906 afgesien. (4)

Waardevol was die spesiale aandag wat hierdie kommissie gegee het aan inboorling- en laeronderwys. Aparte afdelings is in hulle verslag gewy aan laer- en middelbare onderwys. Waar hulle aanbeveel het dat laeronderwys met reg aanspraak kon maak op lokale fondse en 'n groot deel van die provinsiale inkomste, gaan hulle dan ook heelwat verder as die „Despatch" van 1854.

(1) Sen: History of Elementary Education in India; 156.

(2) t.a.p.; 157-159.

(3) t.a.p.; 159-166.

(4) t.a.p.; 169.

Die kommissie het ook skoolgelde goedgekeur, maar het op grond van armoede toegestaan dat 'n groot aantal vry-leerlinge toegelaat sou word.⁽¹⁾

Na hierie kommissie was daar 'n vinnige groei tot 1897, maar daarna was daar stilstand en selfs agteruitgang.⁽²⁾ Van die gehalte van die onderwys in hierdie periode het die „Calcutta University Commission" gesê: „The education in these schools was cheap, because it was bad, and bad because it was cheap.”⁽³⁾

In 1902 was daar maar 'n klein deel van die onderwyser opgelei. Sowat een-sesde van hulle het geen kwalifikasie gehad wat omskryf kon word nie en hulle salarisse was besonder laag.⁽⁴⁾

5. Die vordering in die verskillende provinsies.
1891-1912

(A) Alle leerlinge in die betrokke provinsies.

Die volgende tabel toon die aantal en geslag van die leerlinge in die betrokke provinsies in 1902:

Tabel 27.

Aantal en geslag van leerlinge in 1902 (Indië)

Provinsie	Publieke Inrigtings	Privaat Inrigtings	Totaal	Manlik	Vroulik
Madras	740,628	121,013	861,641	731,209	130,432
Bombai	568,902	71,092	639,994	546,931	93,063
Bengale	1,548,022	119,639	1,667,661	1,560,196	107,465

Madras het nie alleen die meeste meisies op skoolgehad nie, maar ook die meeste leerlinge in privaat inrigtings.⁽⁵⁾

(b) Laeronderwys vir seuns.

In die verskillende provinsies was die persentasie seuns wat laeronderwys ontvang het soos volg vir die jare genoem:

-
- (1) Report: Calcutta University Commission: Volume I; 56.
 (2) Sen: History of Elementary Education in India; 175.
 (3) Report: Calcutta University Commission, Volume I; 55.
 (4) t.a.p.; 54.
 (5) India: Progress of Education in India; 1897-1898 tot 1901-1902. Volume II; 52.

Tabel 28.Laeronderwys vir Seuns, 1891-1912. (Indië)

Pronvinsie	1891/1892	1902	1907	1912.
Madras.	16-20	20.8	24.5	27.1
Bombaai	20-24	23.5	26.3	30.0
Bengale	20-24	21.7	24.3	25.5

(1)

(2)

Bostaande tabel toon 'n baie langsame groei. Bombaai het egter die meeste seuns op skool gehad.

Die volgende oorsake is genoem vir die vertragi^g in die groei van laeronderwys: (i) Swak onderwys, (ii) die eksamenstelsel, (iii) toelaes gebaseer op resultate, (iv) verkeerde onderwysmetodes, (v) die geringe behoefte aan onderwys in 'n land van landbouers, (vi) die verskeidenheid van kaste en godsdienste, (vii) die bestaan van groot onderdrukte gemeenskappe, (viii) die sosiale posisie van vrouens, en (lx) kinderarbeid. (3)

Uitsakking was een van die belangrikste probleme. Die grootse meerderheid van die leerlinge het skool verlaat na hulle een jaar daar was en baie min het langer as drie jaar daar gebly. (4)

(c) Middelbare onderwys.

Die volgende tabel toon die persentasie seuns wat middelbare onderwys ontvang het in die verskillende provinsies:

Tabel 29.

Persentasie seuns wat middelbare onderwys ontvang het, 1891-1907. (Indië)

	1891/1892	1901/1902	1907.
Madras	1-1 $\frac{1}{4}$	1 $\frac{1}{2}$	3.1
Bombaai	1 $\frac{1}{2}$	1 $\frac{1}{2}$	-
Bengale	1 $\frac{1}{4}$ -1 $\frac{1}{2}$	1 $\frac{1}{2}$	3.21

(5)

(6)

- (1) India: Progress of Education in India, 1897/98 - 1901/02. Volume II Kaart III.
- (2) India: Progress of Education in India, 1907-1913; 108.
- (3) t.a.p.; 12, 139.
- (4) Sen: History of Elementary Education in India; 194.
- (5) India: Progress of Education in India, 1897/98-1901/02; Volume II, Kaart II.
- (6) India: Progress of Education in India, 1902-1907, Volume I; 66.

Die grootste persentasie leerlinge (48.3%) in middelbare skole was nie-Bramane. Die volgende was Bramane (25.3%) en dan Mohammedane (15.0%)⁽¹⁾.

In die laerklasse van die middelbare skole was baie aandag aan Engels gewy, omdat die toelatingseksamens tot die universiteite in hierdie taal afgeneem is. 'n Gunstige uitsondering is in 1917 deur die Universiteit van Calcutta gemaak. Hulle het in daardie jaar toegelaat dat kandidate 'n deel van die eksamen deur die moedertaal aflê.⁽²⁾ In Bombaai is die matrikulasie as toelating tot die staatsdiens afgeskaf en Madras het 'n stelsel ontwerp wat klem geleë het op skoolrekords.⁽³⁾

Die eksterne eksamens in Indië het gelei tot 'n winsgewende handel in „sleutels.” Hierdie sleutels het voorgeskrewe boeke tot in die fynste besonderhede behandel.⁽⁴⁾

6. Die omvang van private onderwys.

In 1902 het die volgende privaat inrigtings bestaan: Arabies of Persies, 2270 inrigtings; Sanskrit, 1913 inrigtings; Koran, 11,218 inrigtings; moedertaalskole, 27,173 inrigtings en ander skole 465 inrigtings.⁽⁵⁾ Die meeste van hierdie inrigtings het elementêre onderwys verskaf. Seuns is na hierdie skole gestuur net om godsdiens te leer. Hierdie inrigtings het die godsdienstige en morele karakter van die mense beïnvloed op 'n wyse wat geen ander stelsel kon benader nie.⁽⁶⁾

In 1902 was 14% van die totale aantal leerlinge wat onderrig ontvang het, in privaate inrigtings. Die Mohammedane was 22.6% van die totale bevolking en hulle het 21.6% van die totale aantal leerlinge op skool gehad. 25.2% van die Mohammedaanse leerlinge was egter in private inrigtings.⁽⁷⁾

(1) India: Progress of Education in India, 1902-1907. Volume I; 67.

(2) t.a.p.; 61.

(3) India; Progress of Education in India; 1907-1912: Volume I, 101.

(4) Bennerjee etc: Exhaustive Notes on Prisoner of Zenda.

(5) India: Progress of Education in India, 1897/98-1901/02, Volume II, 141-142. (V. I; 322)

(6) India: Progress of Education in India, 1902-1907

7. Pogings om die onderwys van meisies te bevorder,
(1902-1912)

Voor die „Despatch" van 1854 is die onderwys van meisies geheel en al gelaat in die hande van individue en genootskappe.⁽¹⁾ Sendelinge het die voortou geneem in Bengale, Bombaai en Madras. Eers was die onderrig vir bekeerlinge, maar later is nie-Christene ook toegelaat. Sendelinge het die volgende middels aangewend: (i) Dag-skole, (ii) Losiesinrigtingsvir wese en (iii) huislike onderrig by die middel- en hoërklas families.⁽²⁾

Vir die jare 1902 tot 1912 was die persentasie wat die meisies op skool uitgemaak het van die vroulike bevolking van skoolgaande ouderdom, soos volg:

Tabel 30.

Persentasie van vroulikke bevolking van skoolgaande ouderdom op skool, 1902-1912. (Indië) ...

	1902	1907	1912
Madras	4.5	5.7	7.2
Bombaai	5.0	5.9	7.8
Bengale	1.9	3.2	4.6
	(3)	(4)	(5)

In 1907 was net 5.4% van die meisies nie in die laerafdeling van die skool nie. Alhoewel tot 1912 'n vermeerdering veral van Mohammedaanse dogters plaasgevind het, was die grootste meerderheid van die dogters egter in die laagste klasse nl. die grade en Standerds I en II. Die volgende was die vakke wat in die laerafdeling onderwys is: lees, skryf, reken, naaldwerk, sang, spele, kindertuin-besighede en objek-lesse.⁽⁶⁾

In 1902 was 41,584 meisies in middelbare skole en 390,092 in laerskole.⁽⁷⁾ Alhoewel die skooleind-sertifikaat

(1) Richey: Selections from Educational Records, Part II, 1840-1859; 32.

(2) t.a.p.; 42.

(3) India: Progress of Education in India, 1897/98-1901/02. Volume II; 109.

(4) India: Progress of Education in India, 1902-1907, Volume I; 253.

(5) India: Progress of Education in India, 1907-1912. Volume I; 213.

(6) India: Progress of Education in India, 1902-1907. Volume I; 262.

(7) India: Progress of Education in India, 1897/98-1901/02. Volume II; 111½

120.
van Madras, musiek, huishoudelike ekonomie en industriële vakke erken het, het die leerplan nie goeie vrouens en moeders opglei nie. (1)

In 1902 het 82.4% van die meisies seuns-skole besoek. In 1907 was dit 42% en in 1912, 42.8%. (2) In sommige provinsies het onderwysers 'n toelaag ontvang as hulle meisies kon beïnvloed om hulle skole te besoek. (3)

Die volgende was probleme wat die onderwys van meisies bemoeilik het:

(1) Ouers wou nie graag hulle dogters skool toe stuur nie. Waar dit wel gebeur het, het hulle die meisies maar vir 'n kort tydjie op skool gehou. Vanaf die ouderdom van 11 tot 12 jaar het hulle aparte skole vir meisies verkies.

(ii) Daar was baie min deeglik opgeleide onderwyseresse

(iii) Dit was moeilik vir mans om meisies te onderrig en die ouers het dit ook nie verkies nie. (4)

(iv) Agter al hierdie moeilikhede het die gewoontes van die inboorlinge gesit. Hierdie gewoontes het o.a. vroeë huwelike ingesluit en die onverbiddelike afsondering van vroumense. (5)

Alle moontlike pogings is aangewend om die moeilikhede uit die weg te ruim. (6) In sommige gevalle was huis-onderwys die enigste uitweg. (7)

8. 'n Onbevredigende toestand wat die onderwysers betref

(a) Middelbare skole.

Die volgende was die aantal en kwalifikasies van onderwysers in middelbare skole in 1902:

-
- (1) India: Progress of Education in India, 1907-1912. Volume 1; 217.
 - (2) India: Progress of Education in India, 1897/98-1901/02. Volume II; 115, ook 1902-1907; 260.
 - (3) India: Progress of Education in India, 1907/1912. Volume 1; 219.
 - (4) India: Progress of Education in India, 1902-1907, Volume 1; 258, 260.
 - (5) India: Progress of Education in India, 1907-1912, Volume 1; 211.
 - (6) India: Progress of Education in India, 1902-1907, Volume 1, 258.
 - (7) t.a.p.; 265-266.

121.
Tabel 31.

Aantal Onderwysers en hulle kwalifikasies;
Middelbare skole, 1902 (Indië)

	Aantal	Opgelei	Ander Kwalifikasie	Geen spesiale kwalifikasie.
Madras.	3529	1393	1943	203
Bombaai	1893	-	1545	348
Bengalee	12,764	2220	8347	2197 (1)

In 1909 is 'n spesiale verslag oor die opleiding van onderwysers uitgegee nl. „Occasional Report No. 5" (2)
In 1912 was 34.4% van die onderwysers in middelbare skole, opgelei. (3)

Die „Royal Commission on Decentralisation in India" het in 1908 al aanbeveel dat middelbare onderwys in die hande van die regering moes wees, (4) maar in 1912 was die beleid nog „to rely as far as possible on private enterprise in secondary education." (5)

Daar is in hierdie periode baie gekla oor middelbare onderwysers. Die voertaal, die eksamens en die gevolglike gebruik van sleutels was nie die enigste oorsake van die swak toestand van sake nie. Die verslag van 1907 het daarop gewys dat die kwalifikasies en salaris van onderwysers in middelbare skole benede 'n redelike standaard was. Ondersoeke wat ingestel is, het 'n skandalige toestand in Bengale en Oostelike Bengale ge-openbaar. In al die provinsies was die toestand onbevredigend. (6)

(b) Laerskole.

Die volgende was die aantal en kwalifikasies van onderwysers in laerskole vir seuns en meisies in 1902.

Tabel 32.

Aantal Onderwysers en hulle kwalifikasies,
Laerskole 1902 (Indië)

-
- (1) India: Progress of Education in India, 1897/98-1901/02. Volume II,; 70.
 - (2) James: The Training of Secondary Teachers.
 - (3) India: Progress of Education in India, 1907-1912. Volume I; 82.
 - (4) t.a.p.; 9.
 - (5) t.a.p.; vi.
 - (6) India: Progress of education in India, 1902-1907, Volume 1, 83.

	Aantal	Opgelei	Ander Kwalifikasie	Geen spesiale kwalifikasie.	
Madras	23,909	6031	15230	4,528	
Bombaaï	16,157	6017	4700	6,916	
Bengale	48,538	2052	28,857	18,582	(1)

In laerskole vir seuns was 25.8% van die onderwysers opgelei, terwyl in laerskole vir seuns en meisies die persentasie 18.4 was. In 1907 het die meeste onderwysers in Madras nie 'n hoër kwalifikasie as Standaard IV gehad nie. In 1912 is daar nog gekla dat die onderwysers se metodes volgens hulle kwalifikasies varieer. (2)

Moedertaal-onderwysers is opgelei in (i) normaalskole, (ii) Spesiale skole van 'n laer graad en (iii) as lëerling-onderwysers. (3) Madras het spesiaal opleiding verskaf vir hoofde van laerskole. (4)

Alle moontlike middels is aangewend om studente na die opleidingsinrigtings te trek, maar die tekort kon nie aangevul word nie en baie kon nie later as onderwysers behou word nie. (5)

Die salarisse was swak. In Bengale is hieroor opgemerk: „His average earnings are such as would hardly attract a Coolie, and cannot be termed a living wage.” (6) Dit was dan ook geen uitsondering om te verneem van onderwysers wat ander beroepe buite skoolure gevolg het nie. (7)

(c) Meisieskole.

Onderwyseresse was baie skaars en feitlik onverkrygbaar omdat die salarisse swak was en omdat die Indiërs dit as 'n skande beskou as 'n meisie ongetroud bly. (8)

Spesiale pogings is aangewend om onderwyseresse op te lei. Die minimum kwalifikasie vir toelating tot die kursus was Standaard IV. Die kursus het 2 jaar geduur en ook akademiese werk ingesluit. Druipelinge het 'n

- (1) India: Progress of Education in India. 1897/98-1901/02. Volume II.; 81-82.
- (2) India: Progress of Education in India, 1902-1907 Volume 1; 111.
- (3) India: P. of Education in I, 1907-1912, Volume 1 198-199
- (4) India: P. of Educ. in I. 1902-1907, Volume 1; 232.
- (5) India: P. of Educ. in I. 1907-1912. Volume 1; 188, 195.
- (6) India: P. of Educ. in I. 1902-1907. Volume 1; 113.
- (7) India: P. of Educ. in I. 1907-1912. Volume 1 123.
- (8) I: P. of Educ. in I. 1902-1907, Volume 1, 263-264.

9. Laerskool Leerplanne.

Die laerskool leerplanne het die volgende vakke ingesluit: Moedertaal, lees, skryf, rekene, en liggaams-oefeninge. Objekklasse en tekene is gegee, maar selfe ander vorms van hande-arbeid. Verder het die leerplan ook ingesluit natuurstudie, die dorpskaart, rekords van die dorpsrekenmeester, eenvoudige meetkuns en die metode om huishoudelike of winkelrekenings te hou. Laasgenoemde vakke het ook 'n beroepsdoel gehad. In Madras is 'n tweede taal voorgeskryf en kon Engels ook geneem word.

In die laergraad inboorlingskole was die onderrig beperk tot lees, skryf, rekene, en miskien liggaamsoefeninge en 'n paar ander eenvoudige vakke. Soms het die leerplanne vir stedelike en plattelandse gebiede ook verskil.⁽²⁾

10. Die klein persentasie geletterdes lei na pogings om verpligte laeronderwys te verkry.

(a) Geletterdheid.

In 1901 is geletterdheid omskryf as die bekwaamheid om enige taal te lees en te skryf. 'n Analise toon dat die aantal geletterdes per 1000 in Engels soos volg was vir die verskillende provinsies in 1902: Madras:

Manlik 90, vroulik 10; Bombaai: Manlik 112, vroulik 15;

Bengale: Manlik 89, vroulik 6.⁽³⁾ Vir Mohammedane alleen

was dit soos volg: Madras: manlik 140, vroulik 9;

Bombaai: manlik, 73, vroulik 5; Bengale: manlik 68, vrou-

lik 2.⁽⁴⁾ Vir die oer-inwoners ("aboriginels") was dit:

Madras; manlik, 47, vroulik 1; Bombaai: manlik 105, vrou-

lik 2; Bengale: manlik 89, vroulik 4.⁽⁵⁾ Wat die hele

bevolking betref was 7.4% van die manlike en .7% van die vroulike deel geletterd in Engels.

Hierdie syfers toon hoe min die werklike Indië nog in 1902 binne die invloedsfeer van die onderwys gekom het.

(1) India: Progress of Education in India: 1902-1907, Volume I; 246.

(2) India: Progress of Education in India, 1907-1912 Volume I; 125.

(3) India: Progress of Education in India, 1897/98-1901/02 Volume II; 56.

(4) t.a.p.; 128.

(5) t.a.p.; 132.

In 'n beleidsverklaring wat in 1904 uitgereik is, het die regering hom ten volle vereenselwig met die beskouing dat die aktiewe uitbreiding van laeronderwys een van die meesbelangrike pligte van die staat is. ⁽¹⁾ Hierdie verklaring het egter nie die uitbreiding van die onderwys voor 1912 versnel nie. Dit word veral aangetoon deur die statistieke in verband met geletterdheid in 1911.

In 1911 is geletterdheid omskrywe as die bekwaamheid om 'n brief aan 'n vriend te skrywe en om die antwoord daarop te kan lees. 'n Ontleding toon dat tenspyte van 'n strenger omskrywing in 1911, geletterdheid tog toegeneem het tussen 1901 en 1911. In die geval van meisies was die toename 61% en in die geval van seuns 15%. ⁽²⁾

(b) Verpligte onderwys.

Op 19 Maart 1910 en weer op 16 maart 1911 het Gokhale 'n wet ingedien wat verpligte onderwys in Indië beoog het. Aan munisipale- of distriksrade moes oorgelaat word om te besluit of hulle verpligte onderwys sou invoer. ⁽³⁾ Hierdie wet is egter verwerp en in die onderwysverslag vir 1912 is as antwoord op hierdie pogings die beleid van die Indiese regering in die volgende woorde neergelê: „For financial and administrative reasons of decisive weight the Government of India have refused to recognise the principle of compulsory education, but they desire the widest possible extension of primary education on a voluntary basis.” ⁽⁴⁾

11. Aandag aan die Onderwys van spesiale Gemeenskappe.

(a) Mohammedane.

Die Mohammedane verskil van die res van die gemeenskap wat betref godsdiens, tradisies, ideale, gewoontes, die taal van hulle heilige en klassieke letterkunde en in die onwillige mate waarmee hulle gebruik maak het van die bestaande onder-

(1) Sen: History of Elementary Education in India; 176-177.

(2) India: Progress of Education in India; 1907-1912; Volume 1; 141-142.

(3) Sen: History of Elementary Education in India; 189.

(4) India: Progress of Education in India; 1907-1912; Volume 1: iv.

wysstelsel. Hulle kinders moet eers die onder-

wys in die moskes deurloop voordat hulle na die gewone

skool gaan. (1) Hierdie groep beskik dan ook oor 'n groot aantal privaat inrigtings: Daar is die senior madressas wat met die Calcutta Universiteit ge-affilieer is, kleiner madressas wat die voriges voed, gewone madressas wat in 'n beperkte mate onderrig verskaf in Arabies en Persies en koranskole. (2) Van laasgenoemde was daar in 1912, 78288 Inrigtings met 168,406 leerlinge. (3)

Die Mohammedane vorm 'n groot minderheid van die Indiese bevolking. In 1912 was hulle 22.7% van die hele bevolking. In die provinsies onder behandeling het hulle die volgende persentasie van die bevolking uitgemaak: Madras 6.6%, Bombaai 18.1% en Bengale 17.3%. In 1902 was dit 19.5%. (4)

In die provinsies onder behandeling het die Mohammedaanse leerlinge die volgende persentasie van die skoolbevolking uitgemaak in 1907: Madras 8.8%, Bombaai 16.4%, Bengale 13.9%. In 1912 was dit: Madras 9.0%, Bombaai 16.6% en Bengale 17.4%. (5)

Die grootste meerderheid van die Mohammedaanse leerlinge was in die laagste klas en hulle kon dus nie die geledere van die geletterdes veel verhoog nie. (6)

-
- (1) India: Progress of Education in India, 1907-1912, Volume 1; 245.
 - (2) India: Progress of Education in India, 1902-1907; Volume 1; 290.
 - (3) India: Progress of Education in India, 1907-1912; Volume 1; 204.
 - (4) India: Progress of Education in India; 1902-1907, Volume 1; 284.
 - (5) India: Progress of Education in India, 1907-1912; Volume 1; 247.
 - (6) India: Progress of Education in India, 1902-1907; Volume 1; 294-295.

Verskillende stappe is reeds gedoen om die onderwys van die Mohammedane te bevorder. So is daar vir hulle in verskillende soorte skole plekke gereserveer. Verder ontvang hulle spesiale toelaes en beurse. (1)

(b) Agterlike- en onderdrukte klasse.

(i) Agterlike klasse:

Hierdie klasse sluit die oer-inwoners („aboriginals") en die Berg- en Woudstamme in Sentraal en Oostelike Indië in. Die arbeiders in teeplantasies word ook gewoonlik hieronder ingereken. (2) In die plantasies in Oostelike Bagale en Assam is reeds in hierdie periode 50 skole opgerig. Hierdie kinders betaal geen skoolgelde nie. (3)

(ii) Onderdrukte klasse:

Oor die hele Indië is onaanraakbare kaste versprei. As hulle kinders toegelaat word om die gewone skole te besoek dan word hulle verplig om op die stoep plek in te neem. Hieronder val ook klasse wat sosiaal of as gevolg van hulle beroep onderskei word en verag word. Ook die sogenaamde kriminele stamme behoort tot hierdie groep. (4).

(iii) Probleem- gemeenskappe.

Daar bestaan in Indië ook gemeenskappe wat, alhoewel hulle nie tot die vorige groepe behoort nie, tog onderskei word weens die ongewone onderwysprobleme wat hulle skep. bv. die Tamilsprekendes. Spesiale pogings is ook aangewend om hierdie gemeenskappe tegemoet te kom. (5).

(1) India: Progress of Education in India, 1907-1912; Volume 1; 248.

(2) t.a.p.; 255.

(3) India: Progress of Education in India, 1902-1907; Volume 1; 310.

(4) India: Progress of Education in India, 1907-1912; Volume 1; 259.

(5) t.a.pl; 260-261.

12. Samevatting:

In die eerste deel van die 19de eeu het die owerheid aandag aan die onderwys begin skenk. Die hulp wat hulle verleen het was egter net vir Engelse onderwys beskikbaar. Met so'n politiek, gesteun deur die valse Filtrasie-teorie, kon die ~~massas~~ egter nie bereik word nie. As gevolg van verskillende ondersoeke wat ingestel is, was die owerheid wel deeglik bewus van die skrynende behoeftes van die massas, maar hulle het teruggedeins vir die grootsheid van die taak. Opbouende werk was ook onmoontlik onder 'n stelsel waarin "Societies-", "Boards-" en "Councils of Education" mekaar so veelvuldig afgewissel het.

Die "Despatch" van 1854 soos aangewend deur die een van 1859, het egter sisteem gebring in die onderwyspolitiek. Met reg is klem gelê op die opvoeding van die massas en die opleiding van die onderwysers. In die praktyk het hierdie beleid egter nie gou invloed gehad nie. Toenemende belangstelling van owerheidsweë word ook bewys deur die vyfjaarlikse verslae oor die onderwys vanaf 1881/1882, die aanstelling van onderwyskommissies in 1882, 1902 en 1908 en die beleidsverklaring van 1904. Pogings is aangewend om onderwyseropleiding te verbeter, om die besware van die verskillende gemeenskappe uit die weg te ruim, en om die kinders van Mohammedane, agterlikes en onderdrukte in die skool te kry. Die aandag het tot so'n mate van die intelligensia oorgegaan na die massas dat middelbare onderwys aan die einde van hierdie periode uitsluitlik afhanklik was van privaat inisiatief.

Afgesien van die mate van vordering was die indruk tog nog baie ongunstig. Die oorgrote meerderheid van die leerlinge was nog in die laagste klasse en net 'n baie klein deel het Standaard IV gehaal. In 1912 was maar net 15.7% van die aantal leerlinge van skoolgaande ouderdom op skool.

(meisies alleen net 5.1%) en in 1911 was net 5.9% van die bevolking geletterd. Min vordering is gemaak om die wese van die Indiër vir westerse invloede vatbaar te maak. Langs die staats- en ondersteunde skole het die groot aantal pri- vaat-inrigtings bly voortbestaan. Inrigtings wat deur die eeue in hulle wese en metodes onveranderd gebly het, en voort- durend die tradisionele stempel op die nageslag bly afdruk.

In 1912 was net 25% van die onderwysers in laerskole en 34.4% in middelbare skole, opgelei.

13. Opmerkings.

As ons nou uit die voorafgaande moet vasstel die aard van die onderwys wat die Indiërs wat na Suid-Afrika gekom het, in Indië ontvang het, dan sou ons die volgende kon bepaal:

Diegenes wat in 1860 en kort daarna na Suid-Afrika gekom het, het ongetwyfeld heeltemal buite die invloedsfeer van die Britse onderwyspolitiek geval. Hierdie arbeiders het uit die laer stande gekom en die aandag wat aan die onderwys van die intelligensia gewy is, kon hulle nie bereik nie. Hulle het wel die primitiewe inheemse onderwys ont- vang. 'n Onderwys gekenmerk deur 'n oordrewe streng dis- sipline, 'n uiterste formalisme en 'n sinlose weergawe van gememoriseerde stukke.

In verband met die Indiërs wat later in hierdie per- iode na Suid-Afrika gekom het, sou ons die volgende kon vasstel:

(a) Die Arbeiders.

(i) Die arbeiders het in die eerste plek die opvoeding van die huis saamgebring. Hierdie opvoeding was uiters primitief en beheer deur godsdienstige tradisies.

(ki) Die grootste meekderheid het die opvoeding van die godsdienstige inboorlingskole geniet. Die Indiërs beskou dit as 'n dure plig om hulle kinders in die kerkskole te sit. In die laergraad kerkskole het hulle net hul bybel geleer en baiekeer in 'n onverstaandbare taal. In die hoërgraad kerkskole was ook lees, skryf en rekene onderwys.

(iii) 'n Derde groep het moontlik die moedertaalskole besoek al moes hulle dan ook plek inneem op die stoepe. Die leerplan in hierdie skole is baie elementêr maar tog hoër as die van die laerskole.

(iv) 'n Vierde groep kon selfs hulle weg gevind het na die ondersteunde laerskole. Die leerplanne in hierdie skole moes aan sekere vereistes voldoen voordat hulle ondersteuning kon ontvang.

Die feit bly dat Indiërs wat gewillig was om vir so 'n klein salaris in Suid-Afrika te kom werk, ongetwyfeld uit die armste klasse gekom het en daarom ook bekend was as "Koelies." ('n Naam wat in Indië aan die laagste graad arbeiders gegee is.) Hulle moes dan ook seker van jongsaf werk om so die ouers te help. Die slotsom waartoe ons geraak is dat, al het hierdie arbeiders ook op die een of ander tyd 'n skool besoek, hulle seer seker nie lank genoeg op skool kon bly, om daar 'n merkbare voordeel uit te trek nie. Wat Engels betref was daar seker baie min getletterd.

Aan die ander kant het hulle hul godsdienste saamgebring met alles wat dit vir die Indiër beteken. Daarom het hulle nog al die jare in Suid-Afrika in wese en aard ^{blykbaar} Indiërs gebly; en deur hulle godsdiensoefeninge en kerkskole word 'n blywende stempel van geslag tot geslag afgedruk.

(b) Die Handelaars en ander Immigrante.

Die Handelaars wat op die spore van die arbeiders gevolg het, was veral Mohammedane. Onder hulle was daar

ongetwyfeld heelwat wat behalwe 'n huislike opvoeding, 'n madressa-opvoeding, die opvoeding van die privaat- en ondersteunde skole, ook 'n meer gevorderde opvoeding met hulle saamgebring het. Veral diegenes wat as onderwysers en predikante na Suid-Afrika gekom het, het hulle opleiding in Indië gehad. Maar die godsdienstige opvoeding het ook by hierdie groep, die diepste en blywendste stempel afgedruk.
